PASIËNTINLIGTINGSBLAADJIE

Lees alles op hierdie voubiljet sorgvuldig deur, want dit bevat belangrike inligting

WAXSOL® is beskikbaar sonder 'n doktersvoorskrif vir die behandeling van 'n ligte ongesteldheid. U moet **WAXSOL®** nietemin versigtig gebruik om die beste resultaat te verkry.
• Bewaar hierdie blaadjie. U mag dit moontlik weer moet lees.
• Raadpleeg u apteker indien u meer inligting of advies benodig.

Skeduleringstatus SO

Eiendomsnaam en doseervorm
WAXSOL® Oordruppels

Samestelling van die medisyne d.w.s wat WAXSOL® Oordruppels bevat
Die aktiewe bestandeel in 10 ml is:
Dokusaat natrium 0,05 g

WAXSOL® bevat ook gliserien, water en 'n preserveermiddel (Phenonip).
Elke bottle bevat 10 ml van die oplossing.

Goedgekeurde indikasie en gebruik d.w.s. waarvoor WAXSOL® Oordruppels gebruik word
WAXSOL® versag oorwas en breek dit af.
Die druppels help om u oor te reinig indien dit met oorwas geblok is.

Instruksies voor die gebruik van WAXSOL® Oordruppels
Moenie WAXSOL® gebruik indien:
• u 'n geperforeerde (gebarste) oordrom het nie;
• u oor aan die binnekant seer is nie;
• u 'n infeksie van die oordrom het nie.

Indien u swanger is of u baba borsvoed terwyl u **WAXSOL® Oordruppels** gebruik, moet u n dokter, apteker of ander gesondheidsorgwerker raadpleeg vir advies.

Instruksies vir die gebruik van WAXSOL® Oordruppels
Moenie sluk nie. Gebruik slegs in die oor.

Volwassenes:
Kantel die kop en vul die oorholte met **WAXSOL®** in die aand. Ongeveer 10 druppels word gewoonlik benodig om die oorholte te vul. Doen dit vir twee opeenvolgende aande. Stop die oor met watte en laat dit oornag in die oor. Indien u vind dat die was nie uitgewerp is nie, moet u na u dokter teruggaan sodat u ore uitgespuit kan word. Raadpleeg u dokter indien die probleem voortduur.

Moontlike Newe-effekte
Allergiese velreaksies en kontakdermatitis mag voorkom.
Reaksies by die aanwendingsplek inlsuitend verbygaande brand en irritasie mag voorkom.
Beserings of inflammasie in die gehoorkanaal mag lei tot pynlike simptome.
Sulke reaksies verdwyn gewoonlik wanneer die behandeling gestaak word.

Bergings- en opruiminginligting
Bewaar teen of benede 25°C.
Hou alle medisyne buite die bereik en sig van kinders en oningeligte persone.
Neem alle ongebruikte medisyne terug na u apteker – moenie die ongebruikte medisyne wegmaak in afvoerpype en rioolstelsels (bv. toilette) nie.

Aanbieding
Amberkleurige bottels van 10 ml met 'n drupper.

Identifikasie
'n Helder vloeistof.

Registrasienommer
V/16.2/289

Naam en besigheidsadres van die houer van die registrasiesertifikaat
Mylan (EDMS) BPK
4 Brewery Straat, Isando, Johannesburg, Suid Afrika, 1600

Datum van Publikasie van die Pasiëntinligtingsblaadjie: 22 November 2012

www.mylansa.co.za

0150673110
56ZA2061110-02

Mylan

PATIENT INFORMATION LEAFLET

Read all of this leaflet carefully because it contains important information for you

WAXSOL® is available without a doctor's prescription, for you to treat a mild illness. Nevertheless you still need to use **WAXSOL®** carefully to get the best results from it.
• Keep this leaflet. You may need to read it again.
• Ask your pharmacist if you need more information or advice.

Scheduling status SO

Proprietary name and dosage form
WAXSOL® Ear Drops

Composition of the medicine, that is, what WAXSOL® Ear Drops contains
The active substance in 10 ml is:
Docusate sodium 0,05 g

WAXSOL® also contains glycerine, water and a preservative (Phenonip).
Each bottle contains 10 ml of solution.

Approved indication and use, that is, what WAXSOL® Ear Drops is used for
WAXSOL® softens ear wax and breaks it up.
The drops help to clear your ear if it is blocked with wax.

Instruction before using WAXSOL® Ear Drops
Do not use **WAXSOL®** if:
• you have a perforated (burst) ear drum;
• your ear is sore inside;
• you have an infection in your eardrum.

If you are pregnant or breast feeding your baby while using **WAXSOL® Ear Drops**, please consult your doctor, pharmacist or other health care professional for advice.

Instructions on how to use WAXSOL® Ear Drops
Do not swallow. Use only in the ear.

Adults:
Tilt the head and fill the ear cavity with **WAXSOL®** at night. It usually requires about 10 drops to fill the ear cavity. Do this on two consecutive nights. Plug the ear with cottonwool, leaving in the ear overnight. If you find the wax is not ejected, you must return to your doctor to have your ears syringed.
If the problem persists, consult your doctor.

Possible Side effects
Allergic skin reactions and contact dermatitis may occur.
Application site reactions including transient stinging or irritation may occur.
Injuries or inflammation in the ear canal may result in painful symptoms.
Such reactions usually stop when the treatment is stopped.

Storage and disposal information
Store at or below 25°C.
Keep all medicines out of the reach and sight of children, and uninformed persons.
Return all unused medicine to your pharmacist – do not dispose of unused medicine in drains or sewerage systems (e.g. toilets)

Presentation
Amber bottles of 10 ml with a dropper.

Identification
A clear liquid.

Registration number
V/16.2/289

Name and business address of the holder of the certificate of registration
Mylan (Pty) Ltd
4 Brewery Street, Isando, South Africa, 1600

Date of publication of the Patient Information Leaflet: 22 November 2012

www.mylansa.co.za

0150673110
56ZA2061110-02

Mylan